

**Maandag 10 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 6:1-8 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Genesis 6:8**

**God gebruik gelowiges binne hulle omstandighede tot redding**

In ons Skrifgedeelte kry ons iemand wat God geken en op Hom vertrou het. Noag was 'n besondere mens. Hy was 'n regverdige man wat onberispelik en naby God gelewe het. In Esegïel 14:14 word na Noag, saam met Daniël en Job, verwys as manne wat volgens die wil van God gelewe het. Petrus gebruik Noag ook as voorbeeld in sy briewe as geloofsheld.

Die geskiedenis van Noag speel af in 'n tyd van afval en verdorwenheid. Die mense het lank net die slegte bedink (vs 5). Ons lees in vers 4 dat die seuns van God getrou het met die dogters van die wêreld. Almal was korrup en vol geweld, ja elke mens was vrot. Hierdie gedrag van die mense bedroef God. In sy almag besluit Hy dat Hy verwoesting gaan saai. Dit is wat die mens verdien.

Noag het tussen die ongelowiges gelewe. Ons as Christene lewe in die wêreld van vandag. Ons word aan soveel sake blootgestel, versoekings waar alles maar as goed verkondig word. Wanneer jy standpunt inneem volgens die Woord van God, word jy as kleinlik afgemaak. Die gespot met ware gelowiges neem toe. Miskien voel jy soms alleen.

Hoe groot is God se genade egter nie, Hy gebruik jou in jou omstandighede. Dit is nou die tyd, meer as ooit, dat ons standpunt moet inneem. God sien ons. Hy het ons uit genade gered, en deur die Heilige Gees wat in ons woon, kan ons volgens sy wil lewe.

Noag was nie sonder sonde nie, maar God het hom gebruik in sy reddingsplan. Die belofte was dat ons Redder, die Messias, uit die geslag van Noag gebore sou word, Jesus Christus. Kom ons vertrou op God, en volg sy wil!

*Sing: Psalm 90-1:1, 2*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*